Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 6. Kaapstad, Woensdag, 26 Februarie 1947. No. 13.

# L.V.'s Wat Fooie Eis Vir Dienste Aan Kiesers

## Lid Vra Optrede Daarteen

*Die wanpraktyk deur lede van die volksraad om eers fooie van hul slagoffers te eis voordat hulle bereid is om hul invloed te gebruik by ministers van die kabinet om sekere vergunnings vir hul kiesers te verkry, is deur mnr. J. S. Marwick onder die aandag van die volksraad gebring. Hy het kennis gegee van 'n private wetsontwerp wat hy wil indien waardeur die aanneem van fooie deur L.V.'s onwettig sal wees.*

Die wet bepaal tans dat lede van die volksraad nie fooie mag neem of gee as omkoopgeskenk rakende wetsontwerpe voor die raad nie. Dit het egter geen betrekking op sake buite die raad nie, waar lede dienste vir hul kiesers verrig. Indien die voorgestelde amendement aanvaar word, sal dit beteken dat hierdie ekstra inkomste vir sekere L.V.'s, deur middel van fooie, nie meer beskikbaar sal wees nie, ten minste nie sonder hoë risiko nie.

Vir baie parlementslede is die salaris van £1000 slegs 'n neseier vir groter inkomste en die status van L.V. net 'n toegangskaartjie tot 'n nuwe winsgewende praktyk.

VERVAL

Dat dit werklik nodig geword het om sodanige amendement voor te stel, nl. om 'n sekere tipe beroepspolitikus tot eerbaarheid te dwing, toon die mate van verval van die parlement. Dit is niks meer as 'n klad dat dit nodig geword het om betaalde volksverteenwoordigers, manne na wie die volk behoort op te sien, deur wetgewing aan bande te lê as gevolg van 'n wanpraktyk onder hul geledere nie. Dat daar reeds sulke gewetenloses in die volksraad sit wat nie aarsel nie om benewens hul vet salaris van £1000 per jaar en al hul ander inkomste ook nog bloedgeld te eis vir werk waarvoor hulle geroep is en waarvoor hulle reeds buite verhouding vergoeding ontvang, is 'n uitvloeisel van die Britse parlementêre stelsel wat van volksverteenwoordiging 'n lewensberoep maak.

# VERDRAAIINGS OOR GENL. W. MARSH

## Vra Self Skorsing en Ondersoek

**In verband met die politieke uitbuiting in die vyandelike pers van sekere uitlatings wat deur genl. Willie Marsh op die Paarl by geleentheid van die koningsbesoek aldaar, gedoen sou wees, blyk uit ondersoek dat genl. Marsh se woorde erg verdraai is en dat hy dit ook nie in teenwoordigheid van die koning gesê het nie, maar in 'n private gesprek met inwoners van die Paarl.**

**Genl. Marsh het met die oog op die onverkwiklike publisiteit sy skorsing aangevra hangende 'n ondersoek. Die voorval behoort te dien as waarskuwing vir O.B.-offisiere teen die taktiek van die vyand wat die koning gebruik vir politieke munt.**

Genl. Marsh het ook beslis ontken dat hy voor die koning gebuig het, soos 'n sekere Afrikaanse koerant wou voorgee. „Ek buig net vir my God", het genl. Marsh beklemtoon.

Onderstaande verklaring is deur genl. Marsh vir openbaarmaking aan Die O.B. oorhandig:

In verband met die beweerde onderhoud wat ek aan SAPA se Verteenwoordiger sou gegee het by geleentheid van die koninklike besoek aan die Paarl op Donderdag, 20 deser, sal ek bly wees as u die volgende sal plaas:

As gevolg van wat ek beskou het as gebrek aan uitbundige toejuiging by aankoms van die koninklike gesin, het 'n dame — die eggenote van 'n vooraanstaande plaaslike beampte — opgemerk dat die skare blykbaar getref is deur die grote eenvoud van die koniklike gesin.

In verband met hierdie eenvoud kan ek heeltemal akkoord gaan!

In geval die koninklike besoek daartoe sou bydra om beter samewerking tussen Engels- en Afrikaanssprekendes te verkry, sal die koning meer prestee het as genl. Smuts en dr. Malan. Ons moet vandag saamwerk of omkom!

Waar Engeland vandag onder ys en sneeu begrawe lê, sou ek as ek die koning was, verkies om in Suid-Afrika te bly!

Bostaande was bloot persoonlike op- en aanmerkings in 'n gesprek.

Met die oog op bogenoemde gebeurtenis vra ek hiermee by my betrokke hoofgeneraal skorsing aan, hangende 'n ondersoek deur die aangewese O.B.-kanale om my verduideliking te regverdig of andersins.

# Hy Sal Dit Sien

*More-aand, 27 Februarie, sal die vryheidsvure van die Afrikanerdom dwarsdeur die land aangesteek word deur die Ossewabrandwag en ander vryheidsliewende Afrikaners.*

*Ook op Amajuba sal daardie vuur sy lig versprei, soos die roemryke Slag van Amajuba die vryheidslig oor die verowerde Republiek laat opgaan het.*

*Die Britse koning, in wie se naam die stryd teen die Afrikanerdom nog steeds gevoer is, sal op hierdie gedenkwaardige dag besig wees met 'n „triomftog" — soos die Britse pers dit noem — deur sy verowerde gebied. Hy sal van daardie vryheidsvuur kennis neem. Hy sal aan sy regering in Londen kan gaan rapporteer dat daar in Suid-Afrika nog vure van vryheid brand — en die Britse regering sal onwillekeurig dink aan wat tans in Indië gebeur, waar hulle aanstaande jaar gaan uitvlug voor die hitte van volksverset.*

FUNKSIES

Die maandelikse geselligheid van die Christiaan de Wetkommando word op 1 Maart in die Pawiljoenteekamer, Melkbosstrand, gehou. Daar vertrek Saterdagaand 'n vragmotor vanaf Brooklyn. Plekbespreking kan gereël word by komdt. D. B. Lotz. Bel 5-4059 of 5-2463.

# KAAPSTAD PAAR HITTEGOLF MET KOUE ONTVANGS

## Slegs Kwart van Verwagte Toeloop na Koning

*'n Brawe poging van die Engelse pers, gesteun deur die radio, om die verwelkoming van die Britse koning verlede Maandag in Kaapstad op te hemel as 'n „triomf", het nie daarin geslaag om die muis wat uit die berg van propaganda gebore is, te bedek nie. Die hele affêre het oneindig tekortgeskiet aan die verwagtings wat deur maandelange pershisterie opgewek is.*

Die 400,000 mense oor wie daar in persberigte gedroom is, het op die dag van verwesenliking weggesmelt tot 'n skamele tagtig-, honderdduisend — 'n skare wat in sy ingewande ook diegene moes herberg wat geboe en geprotesteer het met teen-plakkate.

Aangesien ons ons lesers nie net op ons eie waarnemings wil trakteer nie, haal ons aan wat die dagbladpers self uit die pen laat glip het.

Die Cape Argus het berig dat tien- of twaalfduisend mense die koninklike skip sien inkom het, en dat in die hoofstraat „nagenoeg 50,000" mense was, „wat alle seksies van Suid-Afrika se blanke en nie-blanke gemeenskap verteenwoordig het".

Inderdaad was daar soveel ruimte langs die hoofstraat nog beskikbaar dat enige persoon op enige plek tot aan die tou kon indring.

Mense wat die vorige aand al gaan opsit het langs die straat, het weens die skroeiende hitte flou geval met 'n leë maag nog voor die koning opgedaag het, en andere wat 'n paar minute voor die tyd aangekom het, het hul lank bewaakte plekke sonder moeite gevul.

In Adderleystraat was daar groot kolle waar die mense net langs die toue saamgedrom het, terwyl na agter genoeg ruimte oorgebly het vir 'n motor om deur te ry.

UITGEJOU

Kleurlinge en naturelle het ver die meerderheid van die toeskouers uitgemaak, en op plekke het hulle die koning en genl. Smuts uitgejou.

Die houtstellasies wat vanaf die hawe tot in die stad aangebring is om nuuskieriges van sitplek te voorsien, het rye leë plekke bevat. Die plekke is aanvanklik te koop aangebied, maar toe dit blyk dat die aanbod die vraag gaan oortref, is kaartjies hot en haar gratis uitgedeel. Selfs die amptenaarsvereniging het 'n klomp gekry met die versoek om dit aan amptenare uit te deel. 'n Hoë amptenaar wat self behulpsaam was met die uitdeel van sitplekke, het ronduit erken, toe sy aandag op die leë plekke gevestig is, dat baie van dié wat gratis kaartjies ontvang het, blykbaar nie opgedaag het nie.

Die gebrek aan toejuiging was opvallend. Dit was duidelik dat die meerderheid aanwesiges nuuskierige toeskouers was soos op 'n sirkus, en nie bereid was om te juig nie. So erg was die stroefheid dat hier en daar mense na vore gespring en die mense aangespoor het om te juig. Dit het net gelag uitgelok. Die Cape Argus skryf hierdie gebrek aan geesdrif toe aan „terughoudendheid en selfbewustheid" wat dan eers afgeskud is nadat die koning oor halfpad was. Inderdaad het die pragtige perde van die berede wag meer toejuiging en kom-

(Vervolg op bl. 8)

# Op Die Voorpunt



Alle koerante was daaroor eens dat die meerderheid toeskouers by die aankoms van die koning nie-blankes was. Twee-derdes van die mense in die voorste rye het bestaan uit nie-blankes, wat soms gejuig, meer dikwels net toegekyk en enkele kere gejou het.

# Republiek Verloën In Skaduwee van Koning

## PARTYPOLITIEK FAAL WEER

***Republikeinse Suid-Afrika het verlede week een van sy grootste vernederings ondergaan. Daardie vernedering is hom aangedoen deur genl. Smuts, wat vir die eerste keer sedert die oorgawe van Vereeniging die Britse koning, in wie se naam die Republieke uitgeveeg is, uitgenooi het om sy verowerde gebied te kom inspekteer.***

***Die vernedering is hom ook aangedoen deur die amptelike opposisie wat hul amptelike stempel geplaas het op die besoek van die koning ten spyte van die feit dat die Britse pers brutaal genoeg was om te erken dat die doel van die besoek versterking van die Britse Ryksbande is.***

**Die vernedering was veral pynlik omdat dit gekom het van mense wat tot onlangs hulle nog in Vierkleure laat toedraai het en wat met vurige toesprake die volk tot groter opofferings vir die Republiek opgesweep het — wat inderdaad op hierdie oomblik nog 'n voltydse organiseerder vir 'n „Republikeinse Fonds" aanhou om „silwer koeëls" te kollekteer vir die „Republiek".**

Op 27 April het wyle genl. Jan Kemp, 'n oud-stryder van die Republiek, as partyleier van Transvaal 'n beroep op die volk gedoen om die besoek van die koning te boikot. Genl. Kemp het aangetoon wat die motiewe agter daardie besoek is, nl. o.a. versterking van die politieke en ekonomiese bande van die **Ryk. „Om hierdie rede vra ons ons mense om op geen manier deel te neem aan die betogings, feestelikhede en eerbewyse nie", het hierdie geharde strydros namens sy party verklaar.** Dit was klare leiding en elkeen het geweet wat dit beteken. Dit was minder as 'n jaar gelede.

### OPSWEPING

Die koning het verlede week aan wal gestap op sy verowerde grondgebied. Almal het gewag op die leiding van die „republikeinse leiers". Daar het leiding gekom, **maar nie dié wat genl. Kemp gegee het nie.**

Die „republikeinse" orgaan in Kaapstad, Die Burger, het sy stem gepaar met die Britse pers om die volk tot koningskoors op te dryf. Reeds van ver het hy die koning tegemoet gegaan en portrette van die koning en sy skip geplaas. Elke **voorbereidsel vir die ontvangs het die blad met foto en berig na sy lesers oorgesein — soms tot twee foto's van dieselfde ding in agtereenvolgende uitgawes. Die Britse pers het dieselfde gedoen met die doel om die Suid-Afrikaanse volk tot koningsverheerliking op te sweep.** Dit is die beste propaganda-metode om massas aan te spoor om die koning tegemoet te snel — desnoods uit nuuskierigheid. **Daardie massas het die Engelse politici nodig gehad ten einde die koning se besoek 'n „triomf" te maak — 'n triomf oor die verslane Republieke en republikeine. Aan daardie aanblasing van die triomftog het Die Burger deelgeneem.**

### BRIEWE GEWEIER

Wanneer van republikeinse kant briewe ingestuur is wat die republikeinse noot druk, is dit deur die blad geweier. Aan beswaarmakers is die belofte gedoen dat daar op die dag van aankoms by wyse van 'n hoofartikel leiding gegee sal word. Hierdie leiding het gekom. Dit het gelui dat die Afrikanerdom kragtens sy afkoms anti-monargaal is. **Republikanisme, wat in ons land nie 'n staatkundige begrip is nie, maar 'n gevoelsaak teen Britse oorheersing, is deur die blad verdun tot blote anti-monargale gesindheid — waarby selfs die lank gestorwe Lodewyk XIV van Frankryk ingesleep is as voorbeeld van ons volk se afkeer in konings!** En toe kom die eintlike leiding, dat hoeseer geesdrif vir konings by die Afrikaner ontbreek, „kan die hoë besoekers daarvan verseker wees dat, waar hulle ook al met Afrikaners in aanraking mag kom, hulle met die hoflikheid en waardigheid ontvang sal word wat aan die Afrikaner eie is, **en wil ons die hoop uitspreek dat hul besoek aan ons land vir hulle 'n aangename sal wees".**

### APOLOGIE

Inderdaad het die blad se opsweping die uitwerking gehad dat koersvaste Afrikaners op die laaste oomblik, 'n paar minute voor die aankoms van die koning, na die dokke geyl het om deel te **neem aan die „triomf" van hul veroweraar** — danksy die leiding wat aan hulle gegee is.

Vir hierdie vernedering wat die republikeinse Afrikanerdom aangedoen is, het daar geen apologie gekom nie, maar wan-

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

neer mynwerkers in Johannesburg om demokratiese regte staak en 'n beroep op die hele volk doen om hulle te ondersteun, dan plaas hierdie blad Sapa-beriggies oor hul stryd, wat vanselfsprekend die saak vanuit 'n heel ander hoek bekyk — beriggies wat steeds die nadruk laat val op die terugkerende werkers. En wanneer die blad dit nodig vind om oor die staking te skryf, dan is dit met apologetiese verduideliking dat hy nie van „inmenging" beskuldig kan word nie weens die afstand tussen hom en die stakers!

### HEILDRONK

Maar dit het nie net by die „republikeinse" pers gebly nie. Die opposisie, of soos hulle amptelik genoem word, sy Majesteit se Opposisie, het met 'n paar uitsonderings wel daardie eerbewys aan die koning gebring waarteen genl. Kemp gewaarsku het, **en daarmee gehelp om die bande van die Britse Ryk hegter aan hul verowerde vaderland vas te trek.** 'n Groot deel het wel die aanbieding van 'n „nederige adres" nie bygewoon nie — nadat hulle dit eenparig toegestem het, maar gerugte wil dat dit gedoen is uit protes teen die toekenning van 'n koninklike orde aan genl. Smuts by dieselfde geleentheid.

Vir hierdie afwesigheid is egter vergoed toe daar die aand deur die leier van die opposisie 'n heildronk gedrink is op die koning in teenwoordigheid van die koning. Die Cape Times het met verwysing na die staatsbanket ter ere van die koning, as volg berig: **„Nasionale L.V.'s en senatore was ten volle verteenwoordig, met dr. Malan onder diegene wat aanwesig was".** In ons blad verskyn dan ook 'n foto waar die leier van 'n „republikeinse" party die elmboog lig om tot heil van die Britse koning te drink. Op ander foto's in ander blaaie by ander geleenthede het dieselfde leier verskyn, gehul in 'n Republikeinse Vierkleur.

### ENGELSE STEMME

Daar is geen geheim gemaak waarom die opposisie republikeinse Suid-Afrika in die steek gelaat het nie. **In verantwoordelike kringe is verklaar dat dit gedoen word om nie aanstoot aan die Engelssprekendes met die oog op 'n aanstaande verkiesing te gee nie. AAN REPUBLIKEINSE S.A. KAN WEL AANSTOOT GEGEE WORD!** Maar ook hier geld natuurlik die aksioma wat vir die Ossewabrandwaglid nog altyd gegeld het: **„Toemaar, hulle sal tog vir ons stem, anders help hulle vir Smuts".** En reeds het dr. Malan se lyfblad erken dat hulle Engelse stemme **verkies** bo O.B.-stemme.

Vir die soveelste keer het die partypolitiek die republikeinse Afrikaner in die steek gelaat. Solank dit pas en betaal om republikeins te wees, skreeu almal republiek. Maar as dit miskien, altemit, dalkies ook moontlik profytlik kan wees om „Koning" te skreeu, dan skreeu ons koning, en kan republikeinse Suid-Afrika maar verloën word.

Daarom kan die amptelike opposisie in 1942, wanneer hy republikeinse stemme meer nodig het as Engelse stemme, 'n

(Vervolg op bls. 3)

# „Heil Die Koning"



**„Ladies and Gentlemen, the King!" — Onder die glasies wat hier geklink word op die Britse koning se triomftog deur Suid-Afrika, is ook dié van die leier van die opposisie — meermale in die verlede ook van republikeinse Suid- Afrika. Dr. Malan staan in die middel op die voorgrond, regoor die koningin.**

## Sal S.A. Vir Altyd Bind

**Die mening dat die besoek van die Britse koning die bande met Engeland sal versterk, word uitgespreek in 'n hoofartikel van die New York Times. Die ontvangs van die koning sou vir Cecil Rhodes 'n trotse oomblik gewees het, sê die blad. Egipte is vir Engeland verlore, Palestina worstel om sy vryheid, Indië en Birma is besig om te gaan, maar Suid-Afrika sal bly, meen die blad.**

# Eensgesinde Welkom



**Die koningsgesin word hier op 'n staatsbanket deur genl. Jan Smuts onthaal aan die begin van hul „triomftog" deur verowerde Suid-Afrika. Hy sit in die middel tussen die koning en koningin. Op die voorgrond, regoor die koningin, sit die leier van die opposisie. In die aangesig van die Britse koning het van die „amptelike opposisie" nog net die „amptelike" oorgebly.**

## VRYHEIDSDAG

**Donderdag 27 Febr., 7.50 nm.**

**HOFMEYR-SAAL, KAAPSTAD**

# Groot Herlewing Van O.B. Op Middelburg

Mnr. M. G. Kilian, Middelburg, Tvl. berig as volg:

Weens 'n onverklaarbare verslapping onder die geledere van hierdie kommandoraad, is 'n re-organisasievergadering gehou op 5 Februarie, deels met die doel om eens en vir altyd 'n verandering in die toestand te bring en nuwe offisiere te kies, en deels om te wys dat die O.B. nie so op sterwe na dood is soos ons vyande voorgee nie.

Vooraf is soveel moontlik die lopende jaar se ledekaarte hernu, en terselfdertyd nuwe lede gewerf en ingeskryf, met groot sukses. Kennis van die vergadering is kort voor die tyd gegee, en wat 'n plesier was dit om op die vasgestelde tyd die aand soveel bekende en onbekende gesigte te sien, 'n groot deel daarvan splinternuwe lede!

Hoofkommandant Smith het die vergadering ge-open. Generaal Piet Bosman het 'n kragtige toespraak afgesteek. Hy het 'n vlugtige maar deeglike oorsig gegee van die ontstaan, lewe en stryd van die Ossewabrandwag, sy krag, en sy toename in sterkte. Hy het nadruk gelê op die verskriklike ramp wat ons volk getref het, nl. die instelling van die verderflike partypolitiek, en op daardie grond veroordeel hy ons grondwet, het hy gesê. „Ons seuns en dogters," het hy gesê, „word vandag verdoem, verdelg, vernietig, en vermoor deur „Sap-en-Nat", en as ons langer wil aanhou om te twis en te moor, is ons vergoed vernietig". As die jong geslag van nou nie begin bekommer word nie, het oom Piet besluit, dan weet hy nie wat is te voorsien nie.

Byna 'n volle getal nuwe offisiere, vanaf Kommandant tot Sersant is aangestel en behoorlik deur genl. Bosman ingelyf. Alles dui daarop dat die nuwe kommandoraad sy naam waardig gaan wees, want die nuwe offisiere toon net die pure belangstelling, ywer en flyt, soos bewys deur die feit dat die allerkortste kennisgewing onverwags gegee is vir 'n Offisiersvergadering op 11 Februarie, net om die span offisiere bymekaar te kry en hulle bietjie in te lig oor die O.B. self en hul pligte, reëls, ens. Almal wat die kort kennisgewing ontvang het, was teenwoordig.

Hierdie twee vergaderinge en die afgelope 2 of 3 weke se bedrywigheid het vir ons een les geleer, en ander kommando's, waar daar ook 'n verslapping heers, kan hierdie les ook ter harte neem: Raak ontslae van offisiere wat nie hulle werk wil of kan doen nie, want baie van daardie offisiere is òf te vas, òf hulle het ander moeilikhede. Stel dan manne aan wat vars is, maar wat die beginsels van die O.B. op die hart dra.

Gaan dan uit, persoonlik, elke offisier, hernu die ledekaarte, skryf andere in, belê onmiddellik 'n openbare vergadering, en trek die sluier van die doodswyg-politiek en skinder-taktiek van ons vyande daar en dan wawyd weg, bring die feite onder hulle aandag, en u sal 'n herlewing sien soos lanklaas. Kom in direkte aanraking met ELKE lid.

## Republiek Verloën

(Vervolg van bls. 2)

republikeinse grondwet publiseer en 'n mosie in die parlement indien oor die verklaring van 'n republiek. Maar in 1947 word die grondwet diep in die kis weggebêre en word 'n „nederige mosie" van welkom aan die koning ondersteun.

### BEËLSEBUL

Die rede vir hierdie optrede is voor die hand liggend: **Mens kan die duiwel nie met Beëlsebul uitwerp nie. Mens kan die Britse koning nie met die Britse koning se parlement uitwerp nie** — selfs nie al maak daardie parlement voorsiening vir 'n betaalde opposisie nie. As die koning kom om sy parlement te open, dan moet sy Majesteit se opposisie die elmboog lig en die heildronk drink.

Om 'n rat binne 'n horlosie te hê met die woorde daarop „anti-clockwise" sal daardie horlosie nog nie verkeerd om laat loop nie. As die horlosie opgewen word, sal daardie rat ten spyte van sy opskrif saam met die ander ratte beweeg.

**Net so min help dit om binne die Britse instelling, binne die Brits-bepaalde parlement 'n onderdeel van die res te hê wat jy „opposisie" doop. As die Britse parlement in werking gestel word, MOET daardie opposisie sy rol saam met die res vervul — ook tot versterking van die Britse Ryksbande.**

**Die heil van republikeinse Suid-Afrika lê in 'n Volksbeweging, in 'n volksfront, wat, wanneer hy die Brits-georiënteerde parlement — ook by die stembus — verower het, dit sal afskaf en vervang deur 'n Suid-Afrikaanse instelling.**

Die koning se besoek het hierdie waarheid baie sterk belig.

Stuur u POSBESTELLINGS vir
- KANTOORBENODIGDHEDE en
- SKRYFBEHOEFTES
na
SOLMS VAN NIEKERK
Groote Kerkgebou, Parlementstraat, KAAPSTAD — Foon 27017

A.V.B.O.B.
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Bpk
MÔREMARK (Posbus 7185) Newton

TOT U DIENS . .
Geldenhuys Ingenieurswerke
- DRAAI
- PAS
- SWEISWERK
Wynnestraat 13 — PAROW
Sien Advertensie onder Geklassifiseerde Advertensies.

Spesiale Aanbod in
DAMESHANDSAKKE
Egte leer, met leer uitgevoer, teen presies die prys wat u. wil betaal.
KOM SEKER NA
Steyns
DIE MODEWINKEL
PAROW

OPSIENBARENDE ONTHULLINGS
WAARHEDE WAT SOOS DONDER SLAAN
Lees—
HEAR THE OTHER SIDE
(The Afrikaner Side and the German Side)
deur
JOHAN SCHOEMAN
Prys 2/6 posvry

Hoofstukke in Afrikaans en in Engels:
- HEAR THE OTHER SIDE
- A CHALLENGE: £500
- HOLISTIC HOWLERS: THE DRAMA OF THE (W)HOLES
- A BACKVELD BOER REPLIES TO PRINCESS ELIZABETH
- DIE ENGELSE KONING KOM — WAT GAAN ONS DOEN?
- VERDERE KABELGRAMME AAN SMUTS, E.A.
- DIE MOORD VAN NEURENBERG

BESTEL ONMIDDELLIK. NIE SLEGS EEN EKSEMPLAAR NIE, MAAR SOMAAR 4 OF 8 TEGELYK, VAN PUBLICITÉ

PUBLICITÉ,
Posbus 4892,
JOHANNESBURG.

Stuur my asb. .......... eksemplare „HEAR THE OTHER SIDE" teen 2/6 elk posvry, waarvoor ek .................... insluit.

NAAM ..............................
ADRES ..............................

### PARODIE

Die kleurlinge het verlede Dinsdag die spot met die koningsgesin se ontvangs in Kaapstad gedryf toe hulle tydens hul klopse 'n „koning" en „koningin" op 'n waentjie gesit en tot groot vermaak van die verbygangers deur die strate getrek het. Die „koning" en „koningin" het sierlik en neerbuigend gewuif en geknik vir die skares aan die strate.

# Politieke Beleid Soos Jodewinkel

**Op 'n vergadering te Kuilsrivier verlede week het hoofkomdt. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier, die duidelike leiding van die Ossewabrandwag ten opsigte van samewerking en die republikeinse ideaal uiteengesit.**

Die spreker het begin deur 'n kort oorsig van die afgelope 8 jaar te gee, beginnende met die Ossewatrek wat 'n opvlamming van geesdrif in ons Afrikaner-geledere teweeggebring het. Hierdie gevoel van eenheid het sy verpersoonliking in die O.B. gevind, wat sy gewig oral ingestoot het om hierdie gevoel van volkseenheid op alle gebiede te rugsteun, t.w. kultureel, ekonomies, kerklik en polities.

Hierdie rol het die O.B. konsekwent vervul in die moeilike jare wat gevolg het toe die oorlogsverklaring teen Duitsland 'n vlaag van imperialisme oor ons land laat stroom het, en ook die H.N.P. van sy kant die poging om 'n eenheidsfront te stig, laat misluk het omdat die party van meer belang was as die volk. Soos Hfkomdt. Laubscher dit kernagtig uitgedruk het: **Dis net soos 'n koekie seep wat jy by 'n jodewinkel wil koop. Jy mag die seep kry, maar dan moet jy ook 5/- se waarde aan kruideniersware koop. Jy kan teen genl. Smuts stem, maar dan moet jy eers vertroue uitspreek in dr. Malan, sonder dat hy vertroue in jou wil uitspreek.**

Die H.N.P.-leiding erken net twee dinge: Jy is òf pro-Smuts en dus anti-H.N.P. òf omge-

(Vervolg van kol. 3)

keerd.

In die tweede gedeelte van sy toespraak het Hfkomdt. Laubscher ons republikeinse ideaal bespreek en weereens die aandag daarop gevestig dat die O.B. die enigste beweging is wat konsekwent hierdie ideaal voor oë hou.

# Uitbuiting Ondanks Aartappel-Oorskot

Indien daar nie onmiddellik kanale gevind word om die oorskot aartappels wat tans op die mark is en wat in die komende weke in groter hoeveelhede na die mark gaan stroom, weg te lei nie, is dit moontlik dat 'n groot deel van die aartappelproduksie verlore mag gaan en die pryse laer as produksiekoste daal. Produsente verwag 'n oorskot van tussen 'n driekwart en een miljoen sakke aartappels.

Etlike duisende sakke aartappels staan reeds opgehoop by die Kaapse mark. Handelaars het reeds genoegsame hoeveelhede ingekoop.

Die pryse toon steeds 'n dalende tendens. Drie weke gelede was die prys in Kaapstad byna £1 per sak. Verlede week was dit reeds 12/6. In Johannesburg is die prys veel laer, nl. 8s. 6d. per sak.

Die oeste in Transvaal is vanjaar besonder goed. Alles is nog nie uit die grond gehaal nie. Ook die Vrystaat maak aanspraak op besonder goeie oeste.

**Intussen neem die kleinhandelaars hul kans waar om tot soveel as 200 persent wins op hul verkope te maak. Verskillende kleinhandelaars wat 'n sak aartappels teen 12s. 6d. gekoop het, verkoop hul aartappels nou teen 3d. per pond, met ander woorde vir £1 17s. per sak. Die gevolg hiervan is dat die verbruik nie genoegsaam toeneem om die mark te verlig nie, en daai die pryse dus nog verder as wat nodig is.**

DIE O.B., WOENSDAG, 26 FEBRUARIE 1947.

# As Die Kat Weg Is . . .!

In ons vaderland met sy twee tale en twee vlae en twee hoofstede is daar ook van oudsher twee lojaliteite, 'n inheemse of vaderlandse en 'n uitheemse of imperiale. Vir albei het manne hul lewens op die altaar gelê.

Daar is die „Empire"-stroom, wat op die oomblik die botoon vier en wat Suid-Afrika nie as 'n entiteit op sy eie sien nie, dog slegs as deel van 'n wêreldwye Ryk, waarvan die setel anderkant die water geanker is.

Dan is daar die inheemse en tewens republikeinse stroom wat Suid-Afrika eerste sien en die buitelandse verhoudings in die ware perspektief, naamlik as b u i t e - lands beskou; hierdie stroom beskou die „Empire"-lojaliteit as 'n soort vreemde voëlent wat van elders oorgewaai het. Hierdie republikeinse stroom het nog steeds met die ander stroom gebots en omdat die ander een al die skatte van die Ryk agter hom het, het die inheemse stroom maar steeds 'n sware en taaie stryd te voer gehad. **Nietemin bly dit die enigste inheemse en sover dit die Afrikaner aangaan, die enigste tradisionele.** Enige on-republikeinse „tradisie" kan by die Afrikaner niks anders as 'n na-apery wees; nie omdat dit noodwendig sleg is nie, maar omdat daar nooit iets anders as 'n republikeinse tradisie by die Afrikaner geheers het nie.

Vandaar ook sy geheimsinnige krag en die bekoring van sy roepstem in elke Afrikanerhart, wat geslag na geslag die Afrikaner tot verset gelok het, en wat geslag na geslag verdere stene in die republikeinse bolwerk ingemessel het...... Retief, Kruger, Steyn, De Wet.

Vandaar ook die versoeking van politici om met daardie lokroep te goël en om Vierkleure te swaai en „Silwerkoeëls" te kollekteer, en andere fratse meer.

**EERLIK**

Jy kry mense wat eerlik oortuig is dat die imperiale stroom groots en reg is en wat bereid is om hul lewens daarvoor te offer. Ons deel hul sienswyse nie, maar ons kan respek voel vir hul offervaardigheid. Jy kry ander mense wat vas en onwrikbaar aan die republikeinse ideaal glo en alles daarvoor wil veil hê. Ons deel hul ideaal en ons koester 'n diepe dankbaarheid vir die wyse waarop hulle hulself op die altaar gelê het.

Maar nou kry jy ook mense wat voorgee ag! sulke vaste republikeine te wees en wat met heldefrases en 'n soort „kom-ek-om-so-kom-ek-om"-gebaar die republikeinse jong manne opsweep en aanwakker.... solank as die koning ver van hier is! **Dog as die imperiale vors hier is en die uitnodigings na die luisterryke tuinfeeste en kaskenades word afgelewer, dan is hul republikeinse gebare soos 'n towerslag in die vergetelheid.... of minstens in die yskas, saam met die republiek en met die „silwerkoeëls".**

Dit is 'n taktiek waarvoor die Ossewabrandwag geen agting kan voel nie en waaraan ons seer sekerlik ook geen deel wil hê nie.

**Hierdie maand, Februarie 1947, sal aan almal wat nie siende blind en horende doof is nie, bewyse op bewyse lewer wie in Suid-Afrika werklik deur dik en deur dun die republikeinse vaandel (die enigste werklik Afrikaanse vaandel) hoog gaan hou en wie die republikanisme van die muise gaan aanhang. Want slegs as die kat weg is, is die muise baas.**

Maar as die kat h i e r is, by ons is, dan hoor jy net van „nederige adresse van welkom" eenpariglik deur die Volksraad gestem; en by elke tuinfees en koninklike dinee sal jy hulle in hul skare voor die koninklike kat sien buig.

En as die kat weer weg is? Dan sal mens niks anders hoor as republiek, silwerkoeëls en „kom-ek-om-so-kom-ek-om". A s die kat weer weg is? Ons het bedoel.... s o l a n k die kat weg is!

# DIE HAAKPLEK

Dit is reeds 'n maand gelede dat die staking van meer as die helfte van die lede van die mynwerkersbond aan die Rand begin het. Die mynbedryf het reeds etlike miljoen pond skade gely, en duisende werkers met hul gesinne ly daaronder — ly vir 'n demokratiese beginsel.

'n Uitweg uit hierdie moeilikheid behoort gevind te kan word. **Die fout lê in die eerste instansie by die grondwet van die vakbond self, wat voorsiening maak dat betaalde amptenare stemreg het en sodoende as 'n wapen deur enige beherende kliek gebruik kan word teen 'n meerderheid. Daardie kliek kan enige denkbare politieke of nie-politieke groep wees, en juis daarom sal daar voortdurend agterdog en stryd in die geledere van die mynwerkers wees tot hul eie skade.**

Wat dus nodig is, is 'n normalisering van 'n abnormale wetsposisie. **Die regering moet die moontlikheid verskaf om die grondwet van die bond gewysig te kry indien die meerderheid lede ten gunste daarvan is. Vir 'n regering wat 500 miljoen pond bestee het om die demokrasie in die buiteland te gaan toepas, behoort dit voorwaar nie moeilik te wees om deur wetgewing die demo-**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kol.)

**kratiese beginsel dat die meerderheid regeer, in sy eie land op alle terreine te laat geld nie.** Die taak van 'n regering is juis om die reg te handhaaf, en as daardie reg geskend word, ook deur 'n abnormale konstitusie, behoort dit herstel te word. Dit is al.

Soos die toestand nou is, ly die hele land skade behalwe partypolitici wat hierdie toestand vir die een of ander party uitbuit.

Sedert hierdie artikel geskryf is, het die Minister van Arbeid aangekondig dat 'n ooreenkoms met die Mynwerkerskomitee in Kaapstad staan bereik te word. By ons ter perse gaan, was die voorwaardes nog nie bekend nie, maar dit is in elk geval duidelik dat die weg gebaan sal moet word vir 'n hersiening van die Mynwerkersbond se konstitusie ten einde 'n duursame oplossing te waarborg.

# Eerw. Van der Merwe se Boodskap

Eerw. W. P. van der Merwe, Port Elizabeth, skryf:

Aangesien ek weer 'n beroep as sendeling na Barkley-Oos aanvaar het en dus nou uit die diens van die O.B. tree en dus ook aftree as stafhoof van Gebied B, wil ek net graag langs hierdie weg aan al die offisiere en brandwagte, veral die van Gebied B. totsiens toeroep! Ook wil ek net my innige dank en waardering uitspreek teenoor die offisiere en brandwagte vir hulle geduld, verdraagsaamheid, gehoorsaamheid en veral offervaardige liefde, teenoor my as stafhoof en mede-offisier bewys gedurende die afgelope vier jaar. Dit was waarlik 'n plesier om onder u te dien en my bede is dan ook dat ek werklik vir u van diens kon wees en deur u vir my God en volk. My diensjare in die O.B. sal ek altyd beskou as van my gelukkigste en aangenaamste en dit is veral te danke aan u liefdevolle medewerking.

Waar die Here my nou weer roep na 'n ander deel van Sy arbeidsveld, net so, ja indien nie nog belangriker vir ons volk nie, wil ons as afskeidsboodskap u net toeroep: Wees sterk, hou goeie moed en sit die stryd om ons vryheid met vertroue en volharding voort. U taak is groot, u roeping heilig, mag die Here u die krag en genade gee om dit te volbring tot Sy eer en tot heil vir ons dierbare volk. Ons is daarvan oortuig dat u uiteindelik moet en sal oorwin; maar onthou daar is geen oorwinning sonder stryd en pligsvervulling nie.

Nogmaals, offisiere en brandwagte, baie dankie vir u liefde en onthou ons is en bly nog altyd een van u en waar ons u nog van diens kan wees sal dit altyd vir ons 'n voorreg en plesier wees.

Lank lewe die Ossewabrandwag!!!

Lank lewe die K.G.!!!

## NIE GESIEN NIE

Baie van diegene wat die dolste was om die koning te sien, en reeds die vorige aand hul plekke — onnodiglik — gaan inneem het, het flou geword voordat die koning opgedaag het. 'n Ou gammat wat naby een dergelike geval gestaan het, het sy simpatie in die volgende woorde kwytgeraak: „Ag foeitog vir haar dat sy nou moet ,faint' net voor die ,king' verbykom".

# O.B. Bly Draer Van Die Republiek

## Volkseenheid Sy Doel

**Op sy reis deur Oos-Kaapland het hfkomdt. W. R. Laubscher, Voorligtingsoffisier, aangetoon hoe die O.B. konsekwent koers hou en nòg deur vyandelike geweld nòg deur koninklike glorie van sy pad gebring kan word.**



Hoofkomdt. W. R. Laubscher

Hoofkomdt. Laubscher het verklaar dat baie mense wat vandag mismoedig voel oor Afrikanerverdeeldheid skynbaar vergeet dat ons volk in die fleurjare 1939-40 'n visioen van eenheid gehad het — toe die Afrikanerdom magtig verenigd was in die Volksbeweging.

**Hierdie eenheid het berus op die eed wat elke Afrikaner afgelê het dat hy sy broer nie in die steek sal laat en aan die vyand sal uitlewer nie.** Dr. Van Rensburg het dit uitgedruk in sy onvergeetlike Elsburgtoespraak, toe hy gesê het: Ek weier om in my mede-Afrikaner 'n vyand te sien. Die O.B. het dit sy eie gemaak in sy leuse: Ek is my broer se hoeder; en almal vir een en een vir almal.

Hierdie eenheid is roekeloos verbreek deur die party-politiek wat 'n volk verdeel en in die mede-volkslid 'n vyand sien. En so het onder die vaandel van die partypolitiek die ou stryd tussen Afrikaner en Afrikaner weer herleef.

**Die O.B. se stryd gaan om die herstel van die verlore eenheid. Die Volksbeweging wil dit op alle gebiede herstel. Ook op parlementêre terrein wil die O.B. hierdie eenheid herstel sien. Daarom bepleit die O.B. die totstandkoming van 'n Volksfront van nasionaalvoelendes — 'n front van vriende, wanneer elkeen in sy mede-Afrikaner 'n vriend sal sien en sy vyand sal sien in die kapitalisme, die kommunisme en die Imperialisme.**

### AL HOOP

Hierdie basis van vriendskap is die enigste waarop 'n Afrikaner-oorwinning ook by die stembus gebou kan word. Dit glo die O.B. en sy leier; dit glo ook die A.P. en sy leier. Net die H.N.P. en sy leier glo dit nie — dié party handhaaf nog steeds bittere vyandskap teen die O.B.

**Daar is êrens 'n skroef los met 'n party soos die H.N.P., wat voorgee nasionaal gesind te wees, maar wat sy vyand sien in die republikeinse volksbeweging van die Afrikaner.**

Op die stemdag sal O.B.-lede vra: Watter kandidaat sien sy vyand in sy mede-Afrikaner? Vir hom sal hulle nie stem nie. **Hulle sal stem vir die kandidaat wat in sy mede-Afrikaner, afgesien van sy organisasieverband, 'n bondgenoot sien. Daarom sal die O.B. vanselfsprekend Volksfront-kandidate ondersteun en hulle rug draai op die verdelers en die rusiemakers.**

### HOU KOERS

Hoofkomdt. Laubscher het verklaar dat daar in 1938 'n grootse golf van republikeinse geesdrif in die harte van die Afrikanervolk ontvlam het. 'n Jaar later, op 4 Sept. 1939, het 'n vreemde golf van imperialisme dit opgevang en probeer oorrompel. Gedurende die oorlogsjare wat gevolg het, was die O.B. die draer en die kampvegter van die republikeinse gedagte in ons vaderland. Dat die O.B. hierdie gedagte deur kampe en tronke moes dra, het die O.B. nie afgeskrik nie, maar hom juis gelouter deur lyding. Die Noodhulpfonds wat die O.B. gedurende die stryd ingesamel het, het die stryd se duurte van ses jaar moontlik gemaak. **En noudat die oorlog verby is en die golf van imperialisme oënskynlik sy hoogtepunt bereik het met die besoek van Sy Majesteit, is dit weer die O.B. wat die republikeinse gedagte moet uitdra, terwyl hans-republikeine en koningsgesindes voor Sy Majesteit kniebuig en by sy tafels aansit.**

**Net soos die O.B. gedurende die oorlogsjare die offers vir die republiek moes bring, so moet ook die O.B. tydens die koningsbesoek die republikeinse gedagte in die vorm van vryheidsbetogings uitdra.**

## *Verregaande Vermetelheid*

Die Transvaalse Indiërkongres het 'n telegram aan die sekretaris van die V.V.O. gestuur waarin gevra word dat onmiddellike stappe gedoen word om die regering van die Unie van Suid-Afrika tot verantwoording te roep vanweë „die ernstige skending" van die Verenigde Volke se handves en die ondermyning van die hele struktuur van die Verenigde Volke. Die kabel volg op die weiering van die regering om 'n paspoort aan die president van die Natalse Indiër-kongres toe te staan vir besoek aan Indië waar hy die Indiese regering wil gaan „inlig".

**Vir Noodhulp**

**SCHWEIZER-RENEKE**

Op 'n onlangse O.B.-funksie, gehou in die wyk van komdt. J. A. Jacobs (E10B1) is die pragtige bedrag van £22 ingesamel. Dit is as Kersfeesgeskenk aan die O.B.-Noodhulpfonds gestuur. Twee besielende toesprake is gelewer deur genl. Jannie Wentzel en hoofkomdt. De Wet, organiseerder van die O.B. — (Ingestuur.)

# Suid-Afrika Nou Opgesluk Deur Britse Ryk

Vir die inligting en tot voorligting van die geweldenaars en maghebbers van die wêreld het die eertydse Boeregeneraal Smuts buite sy geboortevaderland, Suid-Afrika, in sy geestesvaderland, Groot-Brittanje, verklaar: **Die Britse Ryk bestaan nie meer nie.** Hy het nie daarmee bedoel dat die „British Empire", soos ons dit ken, met sy kapitalisme en politiek vernietig is of in die jongste oorlog ondergegaan het nie. As hy as staatsman van internasionale gesag dit bedoel het, dan sou dit tog beteken dat Suid-Afrika nie meer deel van die Empaaier is nie; dat ons nou los is van Engeland: 'n vrye Republiek! Dit sou ook beteken dat hy, genl. Smuts, nie meer 'n generaal van die Britse Leër en 'n Britse Maarskalk is nie. So-iets sal sy onbegrensde eersug en sy imperialistiese gees nooit toelaat nie.

Wat het maarskalk Smuts dan wel bedoel? Dit en niks anders nie: Die ou Britse Ryk **met Brittanje as hoof en baas,** met Suid-Afrika, Kanada, Nu-Seeland, Australië, Indië e.s.m. as ondergeskiktes, het deur die gesamentlike en totale oorlogsvoering **versmelt tot 'n „holistiese cenheidstaat".** Brittanje is nie meer hoof en baas nie; Suid-Afrika is nie meer 'n gelykwaardige dominium nie, maar is 'n integrale deel van die groot geheel „Ryk", net soos Brittanje daar deel van is. S.-Afrika is daarin net so baas soos Brittanje. Die inhoud en die vorm van die Ryk is Brits, en al die **Burgers** in die Ryk is gelyk en gelykberegtig. Ons Afrikaners, Boere en Engelssprekende Afrikaners, die Indiërs en Naturelle is gelyke Burgers van die Ryk met die Britte — ons het Abessinië, Noord-Afrika, Italië en die Duitse Ryk help verower en die oorlog help wen, nie vir Groot-Brittanje nie, maar vir **ons eie Ryk en vir ons eie Koning.** Ons is nou eintlik burgers van 'n veel groter vaderland: **die nuwe Britse Ryk, saam met die Indiërs en die Na-**

(Deur prof. F. J. Labuschagne)

**turelle,** die Australiërs en die Kanadese: algar gelyke burgers met gelyke stemreg en gelyke seggenskap in die gemeenskaplike ryk. Dáárom het maarskalk Smuts **aan die Indiërs begin stemreg gee: ons moet stadig gewoond raak daaraan:** Later sal volledige gelykstelling volg.

### „ONS KONING"

Ons is nie meer onderdane **van 'n Britse Koning deur verowering nie, ook nie vrywillig of deur eie keuse maar het geestelik tot 'n koningslojaliteit gegroei, tot 'n toegewydheid** wat die vroeëre **Britse Koning** nou **ons eie Koning,** nie Suid-Afrikaanse Koning alleen nie maar **'n Rykskoning** gemaak het. Van dié groter Koning is ons nou die verwelkomende en aanbiddende onderdane. Maar hy, die Rykskoning, is nie Afrikaner nie en kan dit nie word nie; ONS IS KLAAR BRITTE EN VERBRITSTE AFRIKANERS. Dáárom moet **ons Koning** na Suid-Afrika, hierdie stukkie van sy Groot Koninkryk, toe kom na sy volk: die verbritste Afrikaners. Daarom moet ons duisende en duisende ponde aan sy onthaal bestee i.p.v. aan ons eie nywerheidsontwikkeling of irrigasieskemas of onderwys of armeversorging!

Nee, **ons Koning** moet sy **Parlement kom open; ons Koning** moet in sy verbritste Afrikaanse Kerk in sy hoofstad, Pretoria, in **die ou Republikeinse Kerk in Kochstraat** die diens van sy verbritste volk bywoon! Só is die verbritsing en die verimperialisering van die Afrikanerdom eindelik in maarskalk Smuts se ideaal verwesenlik. Dáárom kom die Koning na Suid-Afrika na syeinste volk!

### VERLENGDE BRITTANJE

Dis al wat maarskalk Smuts bedoel en kan bedoel: ons is totaal verbrits en vorm dáárom en só deel van die **Nuwe Empire,** waar die oue oornag verdwyn het! Dáárvoor is hy Maarskalk; dáárvoor het hy gewerk en geveg; dáárom stel hy die Indiërs met ons gelyk; dáárom nooi hy **ons Koning** na sy volk in Suid-Afrika: ons vaderland is nou 'n werklikheid 'n verlengde Brittanje, nie 'n kolonie, nie 'n dominium nie—nee, ons is **groter, ons status** soveel hoër: ons is **absoluut gelyk met Brittanje,** ons is **'n stukkie van die geheel nes Brittanje sêlf;** ons het algar saam net één **Koning!** 'n Onverdeelde en ondeelbare Koning! Vir maarskalk Smuts het die Afrikanernasie opgehou om te bestaan, sy bestaansreg is in die groot geheel vernietig: ons, Boere- en Engelse Afrikaners, is nou deel van die groter Britse Nasie, ons is volkome verbrits, burgerlik en geestelik en nasionaal, nes maarskalk Smuts self! So het die grootste imperialis van die eeu, maarskalk Smuts, sy lewensideaal verwesenlik: die Britse Koning in verbritste Suid-Afrika, toegejuig deur 'n verbritste en verdeelde Afrikanerdom! Dit sal 'n periodieke gebeurtenis word — elke jaar of elke vyf jaar. Ons moet stadig gewoond raak aan ons Koning!

Afrikaners, van watter Europese herkoms ook al, algar julle wat Suid-Afrika as julle enigste vaderland liefhet, gaan julle jul soos stomme skape of soos gedweë slawe aan die toestand onderwerp?

As julle nog vry wil wees, nog Afrikaners wil wees, nog nie volslae verbritste koningsonderdane wil wees nie, kom getuig dan deur die daad van julle blote teenwoordigheid op Donderdag, 27 Februarie, by Amajubafeeste, Vryheidsfeeste, dat julle **nog geestelik en nasionaal en kerklik vry is en vry wil bly en dat julle ook staatkundig vry wil word; dat die Afrikanerrepubliek moet kom en sal kom deur VOLKSEENHEID.**

## Lof vir S.A.P.

**Die Suid-Afrikaanse polisie, hoe dit nou ook al teen hul sin was om diens voor die Britse koning te doen, het hul taak met eer verrig. Die meeste van hierdie manne het tydens die besoek van die Britse koning aan Kaapstad, nie meer as vier of vyf uur slaap in 'n nag gehad nie. Met die heen en weer karwei om orals te wees waar die koning is, het hulle meer as 2,000 myl in die afgelope week afgelê.**

**Speurders van die Britse geheime diens, met hoofkwartier in Scotland Yard, wat tans ook in Suid-Afrika op diens is vir die veiligheid van die Britse koning, het die mening uitgespreek dat die Suid-Afrikaanse polisie baie beter daartoe in staat is om die publiek te beheer as wat die polisie in Engeland dit kan doen. Hy skryf dit toe aan die puik organisasie en strenge dissipline van die Suid-Afrikaanse polisie. Hy meen ook dat die publiek in Suid-Afrika meer wetsgehoorsaam is, as die Britse publiek.**

## PRYS VAN KORING VERLAAG?

'n Voorgestelde internasionale ooreenkoms om die wêreldprys van koring vas te stel, is deur die Amerikaanse departement van landbou aangekondig. Die prys sal heelwat minder wees as die huidige pryse. Indien hierdie voorstel aanvaar word, sal dit beteken dat die prys van koring hoogstens £1 5s. 8d. per sak sal wees.

In Suid-Afrika sal die prys vir 'n sak graad een koring varieer van £1 0s. 8d. tot £1 5s. 8d. per sak. Die prys van tweedegraadse koring sal sowat 19s. tot £1 wees. Of hierdie prys rekening hou met die produksie van die klein produsent, val sterk te betwyfel.

## Ryksvoorkeur Gedoem

Brittanje is vandag feitlik gedwing om af te sien van ryksvoorkeur. Die ryksvoorkeur is tot verval gedoem hoewel voedselproduserende lande dit miskien graag wil hê, het die Australiese direkteur van heropbou verklaar.

Hy het verklaar dat Brittanje self besluit het dat ryksvoorkeur afgeskaf moet word. Brittanje is in so'n toestand gedwing omdat hy sy uitvoer tot soveel as 75 persent van sy vooroorlogse peil moet verhoog. Dit is vir die lande van die statebond onmoontlik om markte vir al hierdie produkte te verskaf. Die V.S.A. is die enigste wat dit sal kan doen.

Derhalwe is Engeland verplig om ryksvoorkeur te laat vaar ten einde 'n mark in die Verenigde State te kan kry.

## Onderkoning Gooi Tou Op

Veldmaarskalk lord Wavell, onder-koning van Indië, is van sy amp onthef weens 'n geskil met die Britse regering oor hoe die steeds agteruitgaande Britse administrasie in Indië in orde gebring moet word. Lord Wavell is so onder die indruk van die agteruitgang van die Britse bewind in Indië dat hy meen dat Brittanje die verantwoordelikheid vir sekere gebiede in Indië moet laat vaar en dat die Britse administratiewe personeel maar moet huis-toe gaan.


Lyk Hierdie Jaar Op U Beste!!
Ons bied die Allerjongste oggend- en middagrokke aan.
Lo- en Fremode Kostuums - - -
VAN ZYLS
Hoofstraat - - - Paarl

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
WERDA
Meubelhandelaars
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

Beskerm u Oë
Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.
Wahl, Lawrence
EN KIE.
BRILMAKERS
Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD
Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang
Beste heersende pryse
MINNAAR EN VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF

PRETORIA-MARK
W. & P.
P.R.R.
Produsente, stuur u Produkte, Eiers, Botter en Lewende Hawe na ons.
(Ontvangs-agente van alle slagvee vir die Vleiskontroleur)
Ons het 'n garansie van £2,500 by die Regering.
WEBB EN PRETORIUS
Pretoria se Oudste en Grootste Markagentskap

STUDEER U?
PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL KAN AL U STUDIE-BOEKE VOORSIEN!
Wetenskaplike Boeke oor die volgende onderwerpe is nou in u EIE TAAL beskikbaar
Wiskunde:


ANALITIESE MEETKUNDE VAN DIE PLAT VLAK
deur Prof. D. J. van Rooy 20/6 posvry
Physiologie:
MENSLIKE PHYSIOLOGIE
deur Dr. H. E. Brink
Deel I en II — 21/- elk posvry
Opvoedkunde:
INLEIDING TOT DIE ALGEMENE TEORETIESE OPVOEDKUNDE
deur Prof. dr. J. C. Coetzee . . . . . . . . 15/6 posvry
Bantutale:
INLEIDING TOT DIE STUDIE VAN SUID-SOTHO
deur Prof. dr. B. I. C. van Eeden . . . . 12/6 posvry
Soölogie:
DIE ONTLEDING VAN DIE KONYN
deur Dr. C. Grobbelaar . . . . . . . . . 13/9 posvry
Regsleer:
INLEIDING TOT DIE ALGEMENE REGSLEER
deur Prof. L. J. du Plessis . . . . . . . . 3/- posvry
Ekonomie:
INLEIDING TOT DIE EKONOMIE
deur Prof. C. G. W. Schumann en Prof. D. G. Franszen . . . . . . . . . . 20/6 posvry
VRA OM VOLLEDIGE LYSTE
Pro Ecclesia-Boekhandel
Posbus 29 STELLENBOSCH

# GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1½d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Enkel plasings (vooruitbetaalbaar) 2d. per woord. Minimum 4/- per plasing. 2 tot 26 plasings (vooruitbetaalbaar) 1½d. per woord, minimum 3/- per plasing. 52 agtereenvolgende plasings: 1d. per woord, minimum 2/6 per plasing. Plasings tot kansellasie, 1½d. per woord, minimum 3/- per plasing.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiebestellings en intekengeld na: DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.**

## GEBOORTE

DE KLERK. — 'n Fris dogter aan mnr. en mev. Hennie de Klerk, van Pietersburg, op 31 Januarie. Ons innige dank aan die goeie Gewer, dokters en verpleegsters. 26/2/1

## HUWELIK

**Vir Partytjies,** resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaner-Koffiehuis (K.T.K.). Uit Wandelgang. Groote Kerk-gebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

## IN MEMORIAM

DE JAGER. — Ons dink nog steeds in liefde aan Karel Pieter, wat verhuis het op 22 Febr. 1946 en lê hiermee 'n kransie op sy graf. Sy steeds verlangende eggenote, kinders, skoonouers en skoonsusters, Itha, Jannie, Steyntjie, D. en L. Steyn, Sibel en Dina. 26/2/1B

WAGENER. — Met liefde dink ons terug aan ons dierbare oupa Wagener, oorlede in die vroeë more van 15 Maart 1946. Rus sag liewe oupa. — Elta en Anna Goosen, Ceres. 26/2/1B

## AGENTSKAPPE

**VAN RIEBEEK TRUSTMAATSKAPPY BEPERK,** Voortrekkerweg, Bellville, bied sy bekwame dienste aan wanneer u eiendomme wil koop of verkoop, met geldbeleggings, verbande ens. Doen aansoek by POSBUS 48. Foon 9-7222. 27/11/Tk

## BELANGRIK VIR DAMES

**PETRONELLA,** Kamer 414, Groote Kerkgebou, Kaapstad. Foon 2-2178. — Aandrokke, Somerkostuums en Rokke. Georgette Aand- en Dagbloese. Pragtige gestreepte Bloese. 29/1/TK

## BOME, PLANTE EN SAAD

**AARTAPPELMOERE.** — Baie goeie Aran Chief-moere om dadelik te plant, teen 30/- vir 153 lb. Gelewer George-stasie. — J. A. MEYER, Blanco. 19/2/4B

**AARTAPPELS.** — Pragtige gesonde, vars graad I-tafelaartappels teen 20/- per 153 pd., 10/6 per 80 pd. of 4/9 per 35-pd.-sakke. V.O.S. Bethlehem. Ek waarborg tevredenheid. Leë sakke terug. — S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, Bethlehem. 26/2/TK

**BESTE GESERTIFISEERDE SAAD:** Detroit Beetsaad 7/-; Chantenay Wortelsaad 10/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool 16/-; Spitzkopkoolsaad 8/-; Blaarslaai 17/6. Uie: Australiese Bruin 6/6; Silver King 9/-; Kaapse Plat 7/6; Tamaties: Marvel 20/-; Marglobe 32/-. Van Zyl Bone 115/- per 200 pond. Volledige pryslys verkrygbaar van PREMIERS, Schoemanshoek, Oudtshoorn. 11/12/Tk

**BONE.** — Vars suikerbone (lappies) teen £7-10-0 per sak of £7-5-0 per sak vir 10 tot 40 sak (183 lb.). Gelewer te Carstenshof-halte. K.M.B. — J. P. SMIT, Klawervlei, P.K. Citrusdal. 12/2/3B

**HERHOLDT SE VRUGTEBOME EN ROSE** groei, dra en stel tevrede vanaf Kaap tot Sambesie, maar.... die aanvraag is groot. Bespreek nou vir Julie-Augustus-planttyd en voorkom teleurstelling. Pryslyste gratis. HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE, Posbus 660, Johannesburg. A/29/3

**LUSERNSAAD** — Vars ge-oes, eersteklas gehalte, vry van dodder. Huntersrivier op tot 100 lb., 1/6 per lb., £12-10-0 per 200 lb. Provence, 1/4 per lb., £11-15-0 per 200 lb. **Saadaartappels.** — Skotse ingevoerde „Up-to-date"-saadaartappels, 47/6 per 110 lb. kissie. Kontant met bestelling, spoorvrag te betaal. Alle soort groente en blomsade van beste gehalte. — HEROLDT SE SAADAFDELING, Posbus 660, Johannesburg. 19/2/3

**LUSERN** aangebied teen markprys. Telegrafeer hoeveelheid nodig en ek sal prys opgee, gelewer Eastpoort. K.M.B. — N. WIENAND, Pk. Eastpoort. 26/2/8

**VARS GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.** — Per ¼ pond, ½ pond en 1 pond: Spanspek, 4/-, 6/-, 10/-; Tom Watson- en Wonder-Waatlemoen 4/-, 6/-, 10/-. Tamaties, Beauty en Marglobe, 9/-, 17/-, 32/6. Australiese Bruin Uie, 6/-. Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6. Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet, teen 7/6 pond. Chantenay wortel, 7/6 per lb., ½ lb. 4/9. Volledige pryslys van: KAROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

**VRUGTEBOME, ROSE** Vir JULIE—AUGUSTUS-Planttyd 1947. Dink vooruit:— Voorkom teleurstelling, plaas u bestelling nou. Pryslyste gratis. HERHOLDT se BOOMKWEKERYE, Posbus 660, Johannesburg BB/11/12/TK

## BENODIG

**GEKWALIFISEERDE** Messelaars en Skrynwerkers benodig vir kontrakte. Strand, Stellenbosch en Somerset-Wes. Hoër loon as loonskaaltariewe vir die regte manne. Doen aansoek: F. A. FINLAY, Boukontrakteur, Herschellstraat, Strand. 19/2/2

## GEMENG

**ELEKTRESO (Edms.) Bpk.** elektrisiteits- en werktuigkundige ingenieurs. Hoofweg 30, Bellville. Vir herstelwerk aan alle elektriese huisbenodighede; ankerwikkeling; elektriese herstelwerk aan motors, draai- pas-, sweis- en herstelwerk aan alle plaas- en ander gereedskap. Telefoneer 9-7223. 27/11/Tk

**DRAAI-, PAS- en SWEISWERK** en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur GELDENHUYS SE INGENIEURSWERKE, Wynnestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Eienaar: D. J. Geldenhuys. Foon 989139.

**SKOENREPARASIES.** Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/28

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteëls, Voertröe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

## GENEESMIDDELS

**ASMA-LYERS.** — Herwin volkome gesondheid. Duitse klierstowwe maak vertraagde kliere werksaam en verwyder oorsaak en siekte. — Besonderhede: AFRIKAANSE AGENTE, Carnegie, Plek 4, DURBAN. 7207/4/B

**BLY JONK.—GRYSHAARWONDER.** Die nuutste wêreldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.

## HAARKAPPERS

Vir 'n eersteklas haarkap besoek ELS'S HAARKAPPER SALON, Kempstonweg 223, Berry's Hoek, Port Elizabeth; sowel as vir al u weelde-artikels, eetgereedskap, juweliersware ens. 27/11/26B

## HORLOSIEMAKERS

**DESKUNDIGE HERSTELWERK** aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

**VIR HORLOSIEREPARASIES** spreek STEYN, posbus 3531, Kaapstad. Private adres en voorlopige werkswinkel: Joubertstraat 37, VASCO. 5566

## HOTELLE

**MAJESTIC HOTEL,** Ceres (Eienaar J. W. Brummer) Foon 114). Kom geniet 'n heerlike vakansie in 'n rustige landelike omgewing. Uitstekende dienste, etes en slaapplek. Steeds tot u diens! 4878/52

## KLEREMAKERS

**SWART,** voorlopig hoek van Merriman en Cookstrate, VASCO. Die Kleremaker met 'n reputasie. Hou dop vir sy nuwe adres.

Vir 'n goeie pak klere of kostuum kom na 'n eersteklas snyer F. C. HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW. 5605/52.

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EIENS.) BPK., en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Philips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

## PLUIMVEE

**JOHS. J. COETZER,** Die Wolwas, Winburg, O.V.S., neem bestellings vir kuikens vir April tot Oktober 1947 aflewering. R.I. Reds, Swart Australorps, en Wit Leghorns. Kuikens groot en sterk, uitgebroei met Petersime Elektriese Broeimasjiene. Gewaarborg vry van B.W.D. en Hoendertifus. Prys £5-17-6 per 100. 18/12/Febr.

## TE KOOP AANGEBIED

**HONDJIES.** — 3 Teefies, vader Voortrekker-Steekbaard Boerhond, moeder gekruiste rifrug. Kleur is bruin en vaal met swart bek. Prys £1-10-0. — W. JANSE VAN RENSBURG, Angora, Bonnievale. 26/1/1B

# Baie Maak Al Atoombomme Sê Wallace

**Dit is nie net Amerika wat oor die geheim van die atoombom beskik nie, maar ook Frankryk, Brittanje en 'n „Skandinawiese land" is besig met die oprigting van atoombom-fabrieke, het Henry Wallace, voormalige Amerikaanse minister van Handel, in sy koerant, waarvan hy die redakteur is, verklaar. Amerika verkeer in 'n waan om te dink dat dit net hy is wat oor die geheim van die atoombom beskik.**

**Voor die end van die jaar sal die fabriek in Skandinawië begin produseer. Frankryk sowel as Brittanje is besig om fabrieke te bou wat atoombomme sal kan vervaardig. Kanada het reeds 80 persent gevorder met atoomkrag-navorsing, het Wallace verklaar. Hy dring aan op onderlinge samewerking oor die beheer van atoomkrag.**

## MONARGIE IN SPANJE?

Genl. Franco het 'n komitee aangestel, bestaande uit vier kabinetsministers wat ondersoek moet instel na die moontlikheid om die koningskap in Spanje te herstel.

## TE KOOP AANGEBIED

**EIENDOMME** te Potchefstroom. — As u 'n melkplasie onder die permanente stroom van die Mooirivier wil koop of 'n erf op die teerpad, vyf myl uit die dorp, of 'n gerieflike woonhuis by die skool en Universiteit, skryf dan aan: G. A. LIEBENBERG, Alabama-Agentskap, Pk. Noordbrug, Potchefstroom. 26/2/3

**HOUT.**—Eersteklas gesaagde dennehout vir bouery. Doen aansoek: J. A. MEYER, Blanco. 19/2/4B

**MERINO- EN PERSIESKAPE,** asook Boerbokke, geskik vir slagter en aanteel. — Doen aansoek: A. J. H. JACOBS, Karroowoonstelle, Graaff-Reinet. Foon 341. 19/2/3B

**SOUT.** — Vriende, ek vra u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. A1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, vry gelaai soutwerke. Adres: MEV. MARTIE VENTER, Possak No. 4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 6/11/TK

**SOUT.** — Aandag Boere!! Ek vra u vriendelike ondersteuning. A1 £2-19-0; No. 1 £2-14-0; Veesout No. 2 £2-9-0 per ton. As dit moontlik is, stuur leë sakke terug. 1/- afslag per sak. — MEV. F. DE BEER, Pk. Florisbad. 5/2/SB

Een eersteklas tentkar met goeie tuie, £55; Een „Canadian Wonder" drieskaar-ploeg, £15; Een Skotskar in goeie kondisie, £15; Een roomafskeier — bak kan 2 gellings neem, £7; Een vleisvaatjie, 15/-. Gelewer te Afrikaskop-stasie of verkrygbaar en op sig by R. OOSTHUIZEN, Kestell. 13/11/10

**U ondersteuning Brandwagte!! Sout te koop: A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2 49/- per ton. K.M.B. Ex-Soutwerke J. H. VENTER. Vaalbank, Pk. Florisbad.** 32B

**TE VERRUIL.** Pragtige ruim woning op die Paarl vir 'n woning op Stellenbosch. — Doen navraag by HUIS, p/a. Posbus 28, Stellenbosch.

## TE KOOP GEVRA

**BENE.** — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

**GANSVERE.** — Goeie droë gansvere vir kussings ens. Meld prys per pond. — Mev. J. H. VAN DER BERGH, Bus 43, Bothaville. 19/2/2B

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

### NOODHULPBYDRAES

**Gebied F (Noord-Transvaal)**

Generaalskappe: F3 £16-11-0; F7 £28-10-9; F8 £6; F11 £98-17-3. Totaal: **£149-19-0.**

Individuele Bydraes: Geref. Gemeente Pretoria-Wes £3; mev. R. D. Wolfaardt (C7d8) £1-10-0; mev. C. G. van Zyl £2. Totaal £7-10-0.

Ander Bydraes: F7a3 18 sakke koringmeel, 2 sakke mieliemeel; J. Breedt 1 sak koring; T. Stevenson 1 sak koring; Vriend 1 sak koring; De Plettens 1 sak koring.

# Dit Het Die Week Gebeur

## TERRORISTE WEER BERYWIG

In die afgelope week het die Joodse terroriste in Palestina weer tot aksie oorgegaan en 'n oliepyplyn op twee plekke opgeblaas. Hulle het ook 'n kamp van die Britse lugmag met outomatiese wapens aangeval.

## PRINSESSIE GEBORE

Prinses Juliana van Nederland het verlede week in die Soestdyk-paleis die lewe aan nog 'n dogter geskenk. Dit is die vierde dogter van die Nederlandse vorstelike huis. In die afgelope 400 jaar is daar net 15 seuns uit die koninklike huis gebore.

## MOET VASSTAAN TEENOOR RUSLAND

Sterk kritiek oor die pap Amerikaanse houding ten opsigte van Rusland, is in die Amerikaanse senaat uitgespreek. Amerika se paaibeleid teenoor Rusland is sterk veroordeel. Daar is 'n beroep op genl. Marshal, die nuwe Amerikaanse minister van buitelandse sake, gedoen om vas te staan by die beginsels van die V.S.A. „Dit het tyd geword dat Amerikaanse diplomate ophou om die voete van Joe Stalin te soen", het senator Rankin verklaar.

## MENSE STERF IN DUITSLAND

Die dodesyfer in Duitsland is aan toeneem weens verkluiming. Meer as 150 mense het op een dag in Hamburg verkluim. In Januarie is 244 persone in hierdie stad dood aan longontsteking. Dit is honderd persent meer as die vorige maand. Die meeste van die verkluimde slagoffers is babas en bejaardes.

## RUSSE BESIG OM TE SPOG

In die afgelope week tydens die herdenking van die uitvinding van elektriese krag deur Edison, het Russiese koerante gespog dat dit nie Edison was wat dit uitgevind het nie, maar 'n Rus, Lobegin. Hy sou reeds in 1873, ses jaar voor Edison, gloeilampe gebruik het, is verklaar.

# Britse Melkkoei Word Losgemaak

**Die Britse regering het te kenne gegee dat hy nou finaal gaan afsien van sy beheer oor Indië en verklaar dat hy van voorneme is om voor Junie 1948 die bewind van Indië in die hande van Indiese leiers te laat. Die aankondiging is gedoen deur C. Attlee, Britse eerste minister. Hy het gesê dat die Britse regering nie van voorneme is om voorkeur aan enige Indiese staat te gee nie.**

Indië was nog altyd Brittanje se beste melkkoei naas Suid-Afrika. Hierdie stap is die gevolg van die Indiese volksverset en nie van parlementêre maneuwers nie.

# Britse Huise Vuil En Vol Luise

Een-tiende van die gesinne van die Britse bevolking is nie in staat om hulle by die moderne beskawing aan te pas nie. „Die massa-ontruimings gedurende die oorlogsjare het die bestaan aan die lig gebring van groot getalle mense wat altyd vuil, vol luise en nutteloos is," verklaar 'n bekende Britse geneeskundige tydskrif in sy jongste uitgawe. Hierdie mense kon toe hulle verplaas is, hulle nie by die nuwe omstandighede aanpas nie. Hulle huise is vuil en verwaarloos, hulle is in die skuld, verkwis hul geld op bioskope en drank. Dikwels saap 'n hele gesin, vader, moeder en kinders in een bed.

Hierdie tipe mense vermeerder op groot skaal. Die onderwys van kinders is swak en kindermisdadigers kom volop voor.

## Geskenk Aan Brittanje

Daar is sprake dat die Australiese regering van voorneme is om 'n groot geskenk as blyke van dankbaarheid aan Brittanje te gee. Daar word gepraat van 'n geskenk van honderd miljoen pond. Dit sal in die vorm van grondstowwe en voedsel betaal word. „Ons kan ons skuld aan dapper Brittanje wat in 1940 alleen gestaan het, nooit terug betaal nie", het 'n vooraanstaande Australiese sakeman verklaar.

**In genl. Smuts se toespraak by ontvangs van die koning, het ook 'n duistere verwysing na hulp aan Engeland voorgekom. Moontlik gaan Suid-Afrika ook hand bysit.**

## KENNISGEWING

**AMAJUBA-DAG**

word gevier op

**SKOUGRONDE (Hugenoot) PAARL**
**SATERDAG, 1 MAART**
om 7.45 n.m.

**Toespraak deur Mev. Dr. J. S. du Toit**

**VRYHEIDSVRIENDE WELKOM!**

**ONTHOU. — AS ONS DIE STRYD GEWONNE GEE, IS DIE VRYHEIDSVLAM VAN AMAJUBA GEBLUS.**

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

## Amptelike Kennisgewing

Die volgende laertrekke sal gedurende die April-skoolvakansie vir die Boerejeug gehou word:

GEBIED B. Boesmansriviermond, 29 Maart — 6 April 1947. Seuns en dogters bo 12 jaar.

GEBIEDE C. D. E. en F. Amajuba, 29 Maart — 11 April 1947. Seuns landsdienslaertrek.

Nadere besonderhede is van u plaaslike Jeugoffisier verkrygbaar. Lede van die Kommandowag en Studentekommando's wat belangstel, is ook welkom.

BYVOEGSEL TOT „DIE O.B." VAN WOENSDAG, 26 FEBR. 1947.

# Ons Kies Vryheidsdag!

**„Elke Afrikaner het die kans om vanjaar te kies tussen die koning en vryheid", het ons K.G. gesê. Die alternatief is: Koningsdag of Vryheidsdag. Ook die Afrikanerjeug sal gedwing word om te kies, want die departement tref alle moontlike reëlings om alle skoolkinders die kans te gee om die koning te sien. Die Boerejeug se keuse is egter vanselfsprekend: Ons kies Vryheid!**

Net soos ons Boeremagte, onder aanvoering van Genl. Piet Joubert, op 27 Febr. 1881 letterlik en figuurlik die bergtoppe bereik het, so gaan ons vryheidsgeesdrif vanjaar uit dankbare nasietrots hoër as ooit styg. En in hierdie feesvierings sal die Boerejeug ook hul taak hê wat met vreugde in diens van Land en Volk en tot eer van onse God wat Amajuba moontlik gemaak het, uitgevoer sal word.

Nog altyd het die jeug, waar hulle saam met ons voorgeslag in die hitte van die stryd gewerp was, hul taak moedig op die skouers geneem en hulself dapper en onverskrokke daarvan gekwyt. Vandag, deur lid te wees van die Boerejeug, toon Afrikaner-seuns en -dogters dat hul nie uitgesluit wil wees nie maar wil saamstry vir ons vryheidsideaal.

### DIE VERLEDE

Kom ons neem 'n vinnige terugblik in ons geskiedenis en soek die rol wat die jeug daarin gespeel het: —

*Nov. 1815:* Die twaalfjarige Jannie Bezuidenhout verdedig sy reeds gewonde vader en moeder totdat ook hy deur die koeëls van die soldate en Hottentotte gewond word.

1836: Duisende Voortrekkerkinders trotseer saam met hul ouers die onbekende woesteny. Dogters staan hul moeders by om die ongerieflike trekkerbestaan so aangenaam moontlik vir hul vaders en broers te maak, en moedig hul aan wanneer die talle moeilikhede dreig om vir hulle te veel te word. Seuns trotseer saam met die mans die gevare daar buite, en so kom Piet Retief se seuntjie bv. saam met sy vader om in Umkunghungluvu en word Dirkie Uys deur die Zulu's doodgesteek terwyl hy nog sy vader wou beskerm. Racheltjie de Beer offer haar eie lewe op om haar broertjie te beskerm teen die koue. Vir haar kry hul verkluim voor die opening van die mierShoop waarin haar boetie, toegedraai ook in haár klere, nog veilig is.

*1899.* 26,000 Vroue en kinders sterf in die Empire se konsentrasiekampe eerder as om die mans in die veld te versoek om die wapen neer te lê. Jong seuns neem saam met vader die wapen op teen die vyand. Hier dink ons bv. aan ons A.K.G., J. A. Smith, wat as 16-jarige seun reeds gerebelleer het, en aan 'n Japie Greyling wat voor 'n vuurpeleton nog weier om te verraai waar die boeremagte is.

*1914:* Ook jong seuns, nog op skool en kollege, loop weg om hulself gewilliglik in die stryd te gooi, en neem deel aan die rebellie.

### DIE HEDE

In 1939 verklaar ons regering oorlog teen Duitsland maar veg dit uit teen Afrikaners wat in tronke en kampe gegooi word. Hul afhanklikes moet sien kom klaar! Ook kinders moet vir hulle informasie verstrek wat tog so nodig is om nog meer „bandiete" te maak, en so word 'n dogter wat besig is om haar matrikulasie-eksamen te skryf, deur speurders gedreig met die hof as sy nie sekere inligting verstrek nie.

Elsabe Nel het geweier, en sy is 'n Boeredogter! Ook is sy nie die enigste uit ons geledere wat in so 'n krisisuur land en volk bo eie gemak stel nie, want gedurende hierdie jare het die Boerejeug oor die hele land hul plig gedoen deur 'n eie Boerejeugnoodhulpfonds te stig, wat tesame met die Noodhulpfonds van die groot O.B., aangewend is vir die versorging van die afhanklikes van diegene wat vir hulle volk in kampe en tronke beland het.

Ons het 'n grootse verlede om te handhaaf, dit weet ons, maar die Boerejeug sal sorg dat die vryheidsfakkel net so helder brand wanneer ons dit aan die nageslag oorhandig.

**Ons gaan nie die stryd waarvoor ook hierdie kinderhelde alles opgeoffer het, nou in die steek laat, en uit nuuskierigheid agter 'n Britse koning aanloop nie. Daardie skande mag ons nie oor die Afrikanerjeug bring nie! Inteendeel, Amajubadag 1947 gaan ons erns wees, 'n mylpaal op die pad na VRYHEID!**

## Nuwe Ledekaarte

Boerejeuglede word daaraan herinner dat hulle ledegeld van 1/- vir 1947 voor die einde van Maart by hulle plaaslike Veldkornet(te) betaalbaar is. Hierdie jaar sal 'n baie mooi nuwe ledekaart aan elke opbetaalde lid uitgereik word.

### VERJAARDAGKETTING

1—12 Maart

1. Anna van der Westhuizen, Kakamas; Christiaan du Toit, Noorder-Paarl; 2. Maria Erasmus, Van Dykspruit; Nico Bonthuys, Bloemfontein; 3. Johan Kirsten, Wellington; Elaine van der Spuy, Paarl; Adelina de Freitas, Johannesburg; 4. Sarie Roos, Wellington; Aletta Erasmus, Boshoek; Susanna Koen, Frankfort; 5. Gert Slabber, Paarl; Maria le Roux, Frankfort; 6. Elmine Roux, Suider-Paarl; Helena Snyman, Kwaggafontein; 7. Jacomina Hanekom, Suider-Paarl; Jan Vorster, Loxton; 8. Letta Liebenberg, Noorder-Paarl; Lettie Welthagen, Mooinooi; 9. Hug Slabber, Noorder-Paarl; 10. Laetitia Retief, Wellington; Sannie Landman, Humansdorp; 11. Casparus Bosman, Paarl.

## Boerejeugdrag

Weens gebrek aan plaasruimte, moet die beskrywing van die drag van die Jeugveldkornet(te) ongelukkig tot volgende keer oorstaan.



Die Jeugleier tussen sy offisiere.

# 'n Majuba-Fonds

Amajuba is indertyd deur die Ossewabrandwag vir die Boerevolk in bewaring geneem. Van staanspoor af het die O.B. hierdie vertrouenstaak ernstig opgevat. Vorige eienaars was nie almal ewe oppassend nie en heelwat herstel- en grondbewaringswerk moes dadelik onderneem word. Gras is aangeplant, slote gedemp, drade gespan, 'n woonhuis en 'n feessaal gebou, 'n opvangdam en 'n swemdam gemaak en water oral op die terrein aangelê. Vir die uitvoering van 'n groot deel van hierdie werk was wyle Jeughoofkomdt. A. P. van Heerden verantwoordelik.

Intussen het Boerejeug- en Waglaers van tyd tot tyd daar nuttige landsdiens gaan verrig. Tog het dit duidelik geword dat die toesig oor Majuba meer volgens plan moet geskied as ons die reeds gedane werk in stand wil hou en daarop wil voortbou. Daarom het die Groot Raad besluit om die beheer oor Majuba aan die Boerejeug toe te vertrou. Dit is 'n blyk van vertroue waarop ons trots is en waarvoor ons baie dankbaar is. Ons aanvaar dit in die volle besef van die groot verantwoordelikheid wat op ons skouers geplaas word.

Vanaf 1 Maart e.k. neem Jeugkomdt. Frans de la Rey Henning die opsigterstaak te Majuba oor. Hy gaan daar met sy eggenote en seuntjie woon. Hierdie werk was lankal sy ideaal en hy aanvaar dit welgemoed en vol vertroue. Ons kan seker wees dat hy 'n goeie rentmeester gaan wees. Ons wil hom en sy gesin van ons allerbeste wense verseker.

Egter nie alleen van ons beste wense nie, ook van ons hulp. Hy kan verwag dat afdelings van die Boerejeug met elke moontlike geleentheid daar gaan uitslaan. Om te kuier, ja, om te ontspan en om van die heerlike berglug te geniet. Maar ook, en veral, *om te werk.* Komdt. Frans sal moet regstaan voor as ons eers goed op stryk is!

Gedagtig aan die feit dat die O.B. Majuba beskou as eiendom van die Afrikaanse volk, gaan die Boerejeug allermins hierdie geskiedkundige plek as hul uitsluitlike besit beskou. Vanselfsprekend is enige lid of laer van die O.B. daar baie welkom, maar ook Afrikaners buite die O.B. Veral rig ons 'n uitnodiging aan die Afrikaanse jeug buite ons kring. Kom kuier op Majuba, kom kampeer, julle is hartlik welkom. Laat ons net weet sodat ons met jul koms rekening kan hou.

Nou moet ons 'n beroep op die Boerejeug doen. As ons van ons nuwe en grootse taak 'n sukses wil maak, het ons geld nodig. *Daarom moet ons dadelik 'n begin met 'n Majubafonds maak.* Tot die fonds moet groot en klein bydra, vir elke Afrikaner behoort dit 'n voorreg te wees om sy deeltjie af te staan. Maar die Boerejeug moet die voortou neem. Hier is werk waarmee ons sonder uitstel kan begin. Ons insameling vir die Majuba-fonds is nie bedoel om ons gewone geldelike verpligtinge in die wiele te ry of te vervang nie. Ek is oortuig dat dit juis vir ons 'n spoorslag gaan wees om beter as ooit ons plig as deel van ons Volksbeweging te doen. Maar ons gaan meer doen, ons gaan vir Majuba ook sorg. Daarvoor het ons die reg en die vrymoedigheid om elke Afrikaner te nader. Elke pennie wat vir die Majuba-fonds bestem is sal alleen vir daardie doel aangewend en verantwoord word. Bydraes moet gestuur word aan „Majuba-fonds," Meyergebou 9, Kerkstraat, Potchefstroom.

D. J. VAN ROOY,
(Jeugleier)

# „Hartlik Geluk!" Sê Ons Adjunk-K.G.

Toe die Grootraad besluit het om die versorging en toesig van Amajuba aan die Boerejeug oor te dra, het ek skuins na die Boerejeugleier, genl. Van Rooy, wat naas my gesit het, geloer. Hy het net soos 'n seun wat sommer 'n groot present kry, gelyk. Sy gesig was een groot glimlag. „Dankie", sê hy, „nou het ons iets!"

Ek glo hy het met „iets" bedoel 'n tasbare ding om te doen. Dis 'n groot „iets" daardie Amajuba! Iets om aan te pak.

Amajuba, die Boerejeug weet almal, is daardie losstaande berg, langs die grootpad van Natal na Pretoria. Soos 'n brandwag het hy in die ou Republiek se dae daar aan die poort na Transvaal gestaan. So staan hy nog, maar nou die brandwag van die Boerevolk, die volk se verlede en toekoms. En swel 'n mens se bors tog nie uit as jy daardie berg, die destydse sleutel tot Boerevryheid, teenswoordig die sleutel tot die toekoms, aanskou nie! Jy ry nader met die kronkelpad en styg al hoër tot bo-op die nek tussen Amajuba (dit beteken duiwekop) en Kranskop. Hier is die uitgestrekte, boomryke kampplek wat in perseeltjies en strate opgemeet is vir laers. Daar staan die feesgebou wat 'n 2000 mense kan bevat. Verderaan is die groot sementswembad en dan die spitskoppie waarop die hutte van die Hoofkwartier staan en op die koppie langsaan die woonhuis van die opsigter, in die vorm van 'n wawiel gebou — 'n baie groot rondawel in verskeie vertrekke verdeel. Vars water bo uit die berg, is oral aangelê.

### O.B.-EIENDOM

Die plaas is 600 morg groot en strek van berg tot berg. Teen die hang sien 'n mens 'n klompie rooi Afrikanerbeeste — O.B.-eiendom. Skilderagtig, majestueus! Laag af, daaronder, deins swart doringlaagtes na die ooste weg — Natal. Suid lê die bergrûens van Memel, Vrystaatse gebied en aan die weste en noorde die Transvaalse Hoëveld. Dis 'n pragtige gesig vanaf hierdie baken tussen die drie provinsies. **Dit is O.B.-eiendom, nou aan die sorg van die Boerejeug toevertrou.**

Ek wil nie die Boerejeugleier met sy sakke vol verrassings vooruitloop nie. Net dit, die Boerejeug gaan daar groot dinge tot stand bring. Die plek sal met hul hande en geld bewerk en verbeter word, mooi uitgelê word. Daar sal die puiklaertrekke plaasvind, ens.

Die doel van my skrywe is net om die Boerejeug geluk te wens. Ek dink ek moet nou by hulle aansluit.

### BOESMANSRIVIERMOND

Aan die pragtige kus van Kaapland, waar die Boesmansrivier tussen die digte natuurwoud deur na die see kronkel, is 10 morge O.B.-grond, in die hoek tussen die see en die rivier. Dit is die ander laerplek van die Boerejeug en O.B.-eenhede. Die diep, helder stroom, dig met bosse begroei, is met skuit bevaarbaar. Ook hier is die natuur pragtig skoon. Een van die dae, so verneem ek, sal die Boerejeug uitgenooi word om daar te gaan kamp. Daar is vir honderde mense kampplek. O.B.-lede wat na 'n strand wil gaan om uit te kamp, moet soon-toe gaan! Die klimaat is altyd lekker — ook in die winter. Hierdie kosbare geskenk is van hoofkomdt. Marais, wat daar woon. Ook in verband hiermee is daar groot planne. Gebiedsgeneraal Botha van Gebied B sal eersdaags almal se aandag vra.

**Daar is meer vir die Boerejeug nou te doen as wat hulle in jare sal klaarkry — pragtige taak, heerlike geleentheid om sprekende monumente van offervaardigheid, ondernemingsgees en wilskrag vir die toekoms tot stand te bring. Wanneer al die verbygaande lawaai in die vergetelheid versink het, sal die volksmonument, Amajuba, herskep tot groter betekenis, die monument van besieling bly, die verre toekoms in.**

J. A. SMITH,
Organisasieleier.

### DUITSE SLAWE BLY IN ENGELAND

Uitgesoekte Duitse krygsgevangenes sal toegelaat word om as vrywillige arbeiders in Brittanje aan te bly vir die datum wat vir hul repatriasie bepaal word. Hierdie aankondiging is deur die Britse minister van binnelandse sake in die laerhuis gedoen.

Die Unie-regering is nie eens bereid om Duitse sendelinge in die Unie toe te laat nie.

# Koningsgaste Veg Soos Tierwyfies Op Dans

## Raserny Oor Duur Pelse

***Die stadsbal ter ere van die Britse vorstelike gesin wat verlede week deur die burgemeester van Kaapstad in die stadshuis gegee is, het taamlik oproerig en onstuimig in die vroeë more-ure geëindig, toe gillende en half-histeriese vroue mekaar in die hare begin vlieg het.***

**Die chaos het ontstaan toe die gerug die ronde begin doen het dat duur pelsmantels uit die kleedkamers verdwyn het. Gillende vroue het mekaar by die kleedkamers vertrap, sodat van hulle flou geword het.**

Die dans het sy einde genader. Die Britse koning en sy gevolg het reeds die saal teen twaalfuur verlaat. Die koninklike lekker was egter nog nie verby nie en 'n groot aantal van die byna 5,000 gaste het hulle nog op die dansbaan vermaak terwyl die gedagte aan die hoë besoekers hul sinne benewel het. Skielik het die gerug die ronde begin doen dat van die pelsmantels gesteel is. *Deftig geklede dames wat heel aand met 'n gemaakte styfheid in die teenwoordigheid van die koning beweeg het, het skielik hul grasie verloor, hul dansmaats net so gelos en met rokke fladderende in die wind afgesit na die kleedkamer. Soos skape, het hulle paniek-bevange deur die gedagte aan 'n paar honder pond se pelsmantels wat dalk weg mag wees, die deur van die kleedkamers bestorm. almal wou tegelyk in sodat die helfte in die deur bly sit het.* Een dame het in die gedrang flou geword. Was dit nie vir die verkeerskonstabels wat te hulp gesnel het nie, het die koningsdansers haar seker doodgetrap.

ONHERKENBAAR

In hierdie stadium was daar geen teken meer van enige waardigheid nie. Die toneel wat hom daar af gespeel het, kon nouliks in verband gebring word met gaste van 'n koning. Tierende vroue — kort gelede nog deftige dames — het mekaar met elmboë opsy gestamp en wild vooruit gebeur na die rakke waar die kostelike spoggerye vir bewaring gehou is.

In histeriese haas is die waardevolle besittings van 'n paar duisend koninklike gaste eenvoudig uitgepluk, en as dit bevind is dat dit vreemde goed is, is dit op die grond gesmyt en onder die voete vertrap in die stormloop na die volgende hok. In die opwinding was daar geen kans om die nommers op die kaartjies te vergelyk of om die kaartjies tevoorskyn te bring nie. Briesende vroue — 'n kort tydjie gelede nog lieftallige dansmaats — het geskel en geraas op hul mans en kêrels wat nie betyds die kaartjies kon lewer nie, terwyl andere met sweet en poeier vermengde gesigte geworstel het om ander skoneres uit hul pad te pluk. *So groot was die gedrang dat etlike honderde vroue op een stadium tussen die gangmure vasgedruk was sodat hul nòg voor- nòg agteruit kon beweeg.* 'n Verkeerskonstabel wat die aaklige gevolge van hierdie raserny besef het, het op die toonbank gespring en die malende massa vroulike skoonheid tot kalmte aangemoedig. Sommige het gehoor gegee en die plek verlaat. Uiteindelik is die orde herstel en kon die mans en jongkêrels — sommige erg ontnugter — hul verreneweerde dansmaats na hul huise vergesel. Na almal weg was, het daar nog sowat 40 mantels in die kleedkamers agter gebly. Twee mantels, ter waarde van £500 en £105 onderskeidelik is vermis. Die polisie stel ondersoek in.

# Kaapstad Paar Hittegolf Met Koue Ontvangs

(Vervolg van bls. 1)

mentaar uitgelok as die koning.

Telkens wanneer „God Save the King" oor die mikrofoon weerklink het, het persone hier en daar probeer saamsing. Voor hulle halfpad was, het hulle die poging weer opgegee, weens die gebrek aan ondersteuning. Enkeles het probeer om op aandag te staan, maar hul voorbeeld kon geen navolging vind nie.

Omstanders het dikwels nie te vleiende opmerkings oor die optog gemaak nie. Die hitte het ook nie daartoe bygedra om hulle vriendeliker teenoor die koning te stem nie. Op die Parade het 'n aantal kleurlinge die koning by sy aankoms aldaar uitgejou. Sommige wil voorgee dat dit vir genl. Smuts bedoel was, wat natuurlik ook moontlik is.

Dit sal egter verkeerd wees om hieruit af te lei dat die koning heeltemal onwelkom was. Hoewel ver in die minderheid, was daar tog kolle waar die gejuig luidkeels opgestyg het. Wanneer hy op hierdie lojale kolle afgekom het, het die koning geglimlag. Origens het hy strak gesit en tuur na die stellasies met die leë plekke. Die Cape Argus sê hiervan: „Op plekke waar die verwelkoming buitengewoon hartlik was, het hy waarderend geglimlag".

Die aankoms van die koning het gepaard gegaan met 'n koninklike hittegolf wat die temperatuur laat styg het tot rekordhoogte vir die somer — meer as 100 grade in die skaduwee. Byna duisend mense het flou geword.

Vir baie het die dag teleurstellend begin toe die slagskip waarmee die koning gekom het, in 'n dikke koninklike rookwolk gehul was weens 'n veldbrand langs die kus. Die gevolg was dan ook dat die reuse-„welkom" wat kinders teen Vlaeberg gespel het, onsigbaar vanaf die skip was, wat ook nie van die land af gesien kon word nie. Eers later die dag het die rokerige mis opgeklaar.

Teen Woensdag se kant was dit duidelik uit die aanmerkings wat daar van alle kante gemaak is deur lede van die publiek, onder wie talle Engelssprekendes, dat die koning nie meer welkom in Kaapstad was nie. Elke keer wat die koning na die reisiesbaan of elders gaan, is die stad middeldeur gesny en kon mense nie na hul werk gaan nie. **Een Engelssprekende het ietwat onbeteueld aan 'n vreemdeling in die straat gesê dat hulle die koning gerus maar buite die stad kan hou!**

Die koning is Dinsdag op die Parade amptelik verwelkom. Hierdie plegtigheid het selfs die gebrek aan belangstelling — om maar te swyg van geesdrif — swaar beklemtoon.

**Nouliks 12,000 mense het die moeite gedoen om op te daag vir hierdie belangrike seremonie, en die meerderheid was ook hier maar weer nie-blankes. Toejuigings is hier selde gehoor. Die verste wat dit gekom het, was 'n bietjie handeklap.**

(Die Kommandant-generaal van die O.B. het by die uitbreek van die oorlog telkens drie-, viermaal soveel toehoorders op verskeie plekke in die

(Vervolg in kol. 3)

(Vervolg van kol. 5)

land getrek).

Daar bestaan geen die minste twyfel nie dat genl. Smuts en sy Empire-binders 'n gedugte neerlaag gely het met hul koningset. Suid-Afrika het hierdie poging om die Empire-bande vaster te trek, 'n taamlike koue skouer in die moederstad gegee. Of die pers daarin sal slaag om die gemoedere meer opgesweep te kry in die binneland, staan nog te besien.

# Britte Kry Koud



**Engeland word sedert weke al geteister deur 'n ontsettende koue en tekort aan steenkool. Die foto toon een van die reuse-toue wat gevorm is om 'n paar stukkies van die beskikbare steenkool te bekom. Op die voorgrond is die vervoermiddels te sien.**

# Boikot-Beweging Teen Indiërs Steeds Kragtiger

**Op elke plattelandse dorp dawer vandag die refrein: ‚Boikot die Indiërs'. Oral in Transvaal word Indiër-handelaars tans geboikot en word komitees gestig, sodat blanke kragte verenig kan word in die boikot-veldtog teen gewetenlose handelaars wat skaars voedsel opgaar en dit teen swartmarkpryse verkoop. Hierdie boikot word ook in Kaapland toegepas.**

Veral in Wes-Transvaal, waar daar besonder baie Indiërs is wat hulle op die handel toelê, bereik die boikot ongekende hoogtes. Op sommige plekke is so ver gegaan om komitees aan te stel om mense dop te hou wat by Indiërs handel en dan hul name openbaar te maak.

Berigte met dieselfde inhoud stroom in van Potchefstroom, Lichtenburg, Vereeniging, Heidelberg, Zeerust, Klerksdorp, Ottosdal, en talle ander plekke in Transvaal. Almal is besig om die Indiërs te boikot en die laaste stuiptrekkings van die Indiër-handelaars te verhaas. Dit is veral die Boereverenigings wat die leiding op hulle neem.

Groot vergaderings van dikwels duisend persone dring aan op 'n nugtere en flinke optrede teenoor die Indiërs. Ook naturelle word ingelig om nie by die Indiërs te koop nie.

KONGRES

**Op 12 Maart vind 'n provinsiale kongres op Vereeniging plaas met die doel om die boikotbeweging dwarsdeur die land te konsolideer.**

Indiërs wat tans geen handel meer kan doen nie, probeer die publiek lok deur skaars artikels soos seep, kook-olie, ens. in hul vensters uit te stal. Alles sonder sukses. Op Potchefstroom is verlede week op 'n groot hoeveelheid skaars artikels, waaronder blikkiesmelk, kerse, vet, seep, ens. deur die Voedselbeheerraad beslag gelê. Dit is aan die publiek verkoop.

Na verneem word, vind die veldtog om alle ekonomiese betrekkings met die Indiërs te verbreek, groot byval op plekke waar nog geen komitees in die lewe geroep is nie.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Pro Ecclesia-Gebou, Birdstraat, Stellenbosch.



DIT KOS MINDER EN U LINNE HOU LANGER!

*SPAAR MOEITE en laat Spesialiteite u wasgoed doen*

*• WAS • DROOGSKOONMAAK • KLEUR*

*Adres: Hugenootstasie, Paarl (Goedere halftarief)*

PAARL STOOMWASSERY

Posbus 35 DIE PAARL Foon 214

(1)